**Gedeelde lot van mense en insekte**

**Michael Samways***

Ons vier elke jaar op 22 Mei die Internasionale Dag vir Biologiese Diversiteit. Die 2022-tema is "Bou ’n gedeelde toekoms vir alle lewe (*Building a shared future for all life*)". Dit herinner ons daaraan dat die lot van insekte en mense nou verweef is. Hul toekoms is ons toekoms. Die rede hiervoor is dat terwyl ons soms ’n skoenlapper sien verby fladder of ’n by op ’n blom sien sit, is daar ’n magdom van hulle en ander klein gediertetjies hard aan die werk om blomme te bestuif, grond te vorm en peste weg te hou. Hierdie ongesiene magdom werk dag en nag om die lewenstapyt heel te hou, en is hulle ook kos vir visse, paddas, akkedisse en baie voëls.

Tog beleef die insekwêreld ’n krisis met hul bevolkings wat vinnig aan die afneem is in baie wêrelddele. Afnames kom veral baie voor waar mense landskappe intens verander en bestuur in ’n landbou- of stedelike omgewing. Om insekte te red, behels deels ’n globale reaksie, terwyl die reaksie aan die ander kant gepasmaak moet word om plaaslike invloede wat van plek tot plek verskil, aan te spreek. Die globale reaksie beteken die deel van bevindings oor tipes stres op insekte en hoe hulle daarop reageer. Deur hierdie inligting regoor die wêreld te deel, kan ons die soeke na doeltreffende insekbewaringsoplossings bespoedig. Daar moet ’n plaaslike oorlegsel wees van ’n begrip oor hoe plaaslike insekte reageer volgens hul evolusionêre geskiedenis. Dan is daar die sosiale konteks, met verskillende lande en plekke wat hul eie maniere het om te verseker dat beide insekte en mense ’n rooskleuriger toekoms deel op ’n platform van wetenskaplike insig en politieke wil.

Dit beteken dat ons benewens om ons insekte te ken, ons ook maniere vorentoe moet vind wat inpas by die aspirasies van grondtoesighouers en grondeienaars, asook by bewaringsowerhede. Ons het vandag genoegsame kennis om baie insekte en ander klein gediertetjies deur konstruktiewe en doeltreffende strategieë vir beide land- en varswateromgewings te kan red.

Ten slotte …
Al hierdie verskillende strategieë is uiters doeltreffend om insekte te bewaar, terwyl mense se lewensmiddele en welstand terselfdertyd ook verbeter word. Die toekoms is in ons hande, so lank as wat ons daarna strewe om in harmonie met die natuur te werk, insluitende om langs al die klein gediertetjies te woon.

- Klik **hier** om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Michael Samways is emeritus uitgelese professor in die Departement Bewaringsekologie en Entomologie aan die Universiteit Stellenbosch**.